



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2014

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40 punte) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat ŉ reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

### DIE ONTWIKKELING VAN GELD

1. Ons gebruik deesdae geld om vir goedere en dienste te betaal, maar daar was nie altyd geld soos ons dit vandag ken nie. Baie jare gelede het mense besigheid met mekaar gedoen deur verskillende goed (ruilmiddele) onder mekaar te ruil.

2. Oral in Afrika was skape, beeste en bokke nog altyd ŉ belangrike ruilmiddel. Vandag nog word beeste vir goedere geruil en dit word ook aangehou om te slag vir kos of om swaar vragte te trek.



3. Die ou Egiptenare het edelmetale soos goud, silwer, yster en koper as geld gebruik. Goud was die belangrikste edelmetaal omdat dit nie verkleur of roes nie.

4. In die Middeleeue (400–1500 n.C.) het Europese seevaarders hulle edelmetale vir papier, parfuum en speserye geruil. Mense het veral speserye geruil, want hulle het dit in kos en as medisyne gebruik.



5. Omdat al hoe meer mense begin het om goedere onder mekaar te ruil, is daar begin om munte te druk. Dit was die begin van geld soos ons dit vandag ken. Toe daar nie meer genoeg goud was om te munt nie, het die mense silwer gebruik.



6. In 1704 het John Law, ŉ Skotse bankier, voorgestel dat mense eerder papiergeld as munte moes gebruik. Daarna het mense begin om banknote te gebruik. In Suid-Afrika het die geldstelsel ook oor baie jare heen ontwikkel. In 1803 is note vir die eerste keer in Suid-Afrika gedruk.

7. Elke land het sy eie geldeenheid, bv. die dollar in die VSA. Al die Europese lande wat deel is van die Europese Unie, bv. Nederland en België, het dieselfde geldeenheid, nl. die euro. Toe Suid-Afrika in 1961 ŉ republiek geword het, het ons geld van die pond na die rand verander.

8. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is die enigste instansie in ons land wat geld mag laat druk. In 1992 het ons ŉ stel banknote met ŉ safari-tema in Suid-Afrika begin gebruik. Op hierdie note verskyn die "Groot Vyf". Dit is die leeu, luiperd, olifant, renoster en buffel.



9. In Februarie 2013 het ons ŉ nuwe stel banknote begin gebruik, maar die ou note mag ook nog gebruik word. Op hierdie nuwe banknote is die gesig van oudpresident Nelson Mandela op die voorkant en die "Groot Vyf" op die agterkant. Mense praat van hierdie banknote as "Randelas". Omdat skelms banknote maklik vervals, het die Reserwebank sekere dinge op die note aangebring sodat hierdie note nie vervals kan word nie. Daar is ŉ watermerk, spesifieke nommers en ŉ stel klein kolletjies op die "Randelas".




10. Deesdae betaal mense met kontant, ŉ kredietkaart of ŉ tjek as hulle by winkels koop. As ŉ mens ŉ kredietkaart gebruik, beteken dit dat jy nou iets koop, maar eers later daarvoor betaal.




11. Met al die moderne tegnologie wat beskikbaar is, hóéf ŉ mens nie eens winkel toe te gaan om dinge te gaan koop nie. Jy kan dinge aanlyn bestel en koop deur jou rekenaar of selfoon te gebruik.

[Verwerk uit: *Huisgenoo*t, 13 November 2013]

1.1 Voltooi die sin hieronder deur EEN woord uit paragraaf 1 in te vul.

Deesdae ... ons vir die dinge wat ons koop, maar baie jare gelede het mense dinge geruil. (1)

1.2 Waarom hou die mense in Afrika beeste aan? Noem DRIE redes. (3)

1.3 Waarom was goud vir die Egiptenare die belangrikste edelmetaal? Noem EEN rede. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.4) en die letter (A–D) neer.

Eeue gelede het Europese seevaarders veral ... gekoop.

A silwer, koper en yster
B beeste, velle en skape
C papier, parfuum en speserye
D kos, medisyne en materiaal (1)

1.5 Waarvoor het mense speserye wat hulle geruil het, gebruik? Noem net EEN gebruik. (1)

1.6 Waarvan het die mense munte gedruk toe daar nie meer genoeg goud was nie? (1)

1.7 Skryf VYF AGTEREENVOLGENDE woorde uit paragraaf 6 neer wat beteken dat die Suid-Afrikaanse geldstelsel nie altyd was soos ons dit nou ken nie. (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.8) en die letter (A–D) neer.

As ŉ mens Nederland toe gaan, sal jy die ... as geld gebruik.

A dollar
B rand
C pond
D euro (1)

1.9 1.9.1 Wat is Suid-Afrika se geldeenheid? Skryf net EEN woord neer. (1)

1.9.2 In watter jaar het Suid-Afrika hierdie geldeenheid aanvaar? (1)

1.9.3 Waarom het dit juis in hierdie jaar gebeur? (1)

1.10 Die "Groot Vyf" is op ons banknote. As ons besluit om die "Leeu" van die R50-note af te haal, watter dorp of stad dink jy moet ons op die R50-note druk? Motiveer jou antwoord. (2)

1.11 Vanaf Februarie 2013 mag mense **nie meer die note** met die "Groot Vyf" voorop **gebruik nie**.

Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord met ŉ aanhaling uit paragraaf 9. (1)

1.12 Uit watter TWEE woorde is die woord "Randelas" afgelei? (2)

1.13 Dink jy dit is goed dat Nelson Mandela se gesig op Suid-Afrika se banknote verskyn? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

As skelms banknote vervals, beteken dit dat hulle die banknote ...

A verkoop.
B namaak.
C verruil.
D wegsteek. (1)

1.15 Wat het die Reserwebank gedoen sodat mense nie die "Randelas" kan vervals nie? Noem enige TWEE dinge. (2)

1.16 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

As ŉ mens ŉ kredietkaart gebruik, moet jy (voor/na) die transaksie daarvoor betaal. (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer.

Moderne tegnologie het die manier waarop mense dinge koop verander, want mense ...

A betaal nou baie minder vir die dinge wat hulle koop.
B kan self besluit wanneer hulle vir hulle inkopies wil betaal.
C kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal.
D het nie meer kontant of ʼn kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie. (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Lees die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae.




1.18 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

(Volgraan//Veselvry)-ontbytgraankos is die beste vir energie en konsentrasie. (1)

1.19 Noem enige EEN groentesoort wat goed is vir energie en konsentrasie. (1)

1.20 Hoekom is hoender minder gesond om te eet? (1)

1.21  Hoe weet ons dat daar iets warms in hierdie beker is? (1)

1.22 Jy is besig om vir die eksamen voor te berei. Hoekom is ŉ toebroodjie met sardyne en ŉ glas lemoensap beter vir jou as ŉ burger en ŉ koppie koffie? (1)

1.23 Dink jy ŉ visuele teks is beter as ŉ teks wat geskryf is? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)


**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**


**VRAAG 2**

**TEKS C: DIE AFRIKA-OLIFANT**

- Som die **KENMERKE** van die **AFRIKA-OLIFANT** in SEWE sinne op.
- Skryf die SEWE kenmerke PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.




Die Afrika-olifant is die grootste landsoogdier. Dit is een van Suid-Afrika se "Groot Vyf". Baie mense besoek ons land juis om die olifante te sien.




ŉ Mens se brein weeg ongeveer 1,5 kg. Die Afrika-olifant se brein kan tussen 4,3 en 5,4 kg weeg.




Leeus en renosters is ook groot, sterk diere, maar hulle ore is nie baie groot nie. Dis beslis nie so groot soos die Afrika-olifant se ore wat 1,83 m lank is nie.



Twee van die Afrika-olifant se 26 tande groei uit as lang, buitenste tande. Baie olifante word deur stropers doodgemaak omdat hulle hierdie tande wil verkoop.



Olifante se slurpe is eintlik verlengde neuse. Hierdie slurpe kan iets so klein soos ŉ grondboontjie of so groot soos ŉ 100 kg-stomp optel. Olifante gebruik hulle slurpe om water te drink en om bome uit te trek. Die Afrika-olifant spog met ŉ slurp van tot 1,5 m lank.



Olifante het baie groot pote. Die Afrika-olifant het ŉ ovaal agterpoot en ŉ ronde voorpoot. ŉ Mens kan nie olifante se tone duidelik sien nie.



Net soos baie ander diere, het olifante ook ŉ klossie hare aan die punt van hulle sterte. Wie sou kon raai dat die Afrika-olifant se stert tot 11 kg kan weeg?

[Verwerk uit: *Sien Suid-Afrika Visuele Feite*]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Beeld*, Vrydag 25 Oktober 2013]

3.1 Watter BESKRYWENDE woorde gebruik die adverteerder in (3.1) om die leser te oorreed om ŉ e-skyfie te kry? Noem TWEE woorde. (2)

3.2 Skryf die sin in (3.2) oor en vul die LEESTEKEN in wat uitgelaat is. (1)

3.3 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer.

Watter SKRYFTEKEN word in die woord "e-paaie" gebruik?

A Kappie
B Deelteken
C Koppelteken
D Aksentteken (1)

3.4 Die woord "manier" bestaan uit die volgende LETTERGREPE: ma–nier.

Verdeel nou die woord "registreer" in LETTERGREPE. (1)

3.5 Gee ŉ woord uit die advertensie wat dieselfde beteken (SINONIEM) as die woord tussen hakies.

Jy kan SANRAL se nommer (skakel) as jy meer van e-skyfies wil weet. (1)

3.6 "Registreer jou e-tolrekening aanlyn."

3.6.1 Watter WOORD in hierdie sin wys dat die adverteerder met elke leser praat? (1)

3.6.2 Kies die korrekte ANTWOORD tussen hakies.

Die "e" in e-tolrekening verwys na (elektriese/elektroniese). (1)

3.7 "Dis definitief beter om ŉ e-skyfie te kry!"


Is hierdie stelling ŉ FEIT of ŉ MENING?
Motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (1)

3.8 Waarom, dink jy, het die adverteerder nie vir die twee mense gesigte ingeteken nie? (1)
**[10]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: SPOTPRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit: *Weg*, Oktober 2009]

4.1 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Daar is een klein (probleem). (1)

4.2 Skryf die GETAL tussen hakies in woorde.

Ek het net (14) persent vir Wiskunde gekry. (1)

4.3 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Jan se boeksak hang oor sy (regteskouer/regterskouer). (1)

4.4 Verander die onderstaande sin in 'n VRAAGSIN, sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is.

<u>Boetie</u> gaan volgende jaar skool toe. (1)

4.5 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Ek sal hard leer. Ek wil slaag. (omdat) (1)

4.6 Skryf die sin in die LYDENDE VORM oor.

Die skoolhoof het Jan se rapport geteken.
**Begin só:** Jan se rapport ... (1)

4.7 Hoe weet jy dat Jan se ma geskok was toe sy Jan se rapport sien? (1)

4.8 Kies die korrekte ANTWOORD tussen hakies.

"Jy is ŉ regte **klipkop**, Jan!" is ŉ voorbeeld van (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

4.9 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ma sê vir Jan: "Jy moet harder werk."
**Begin só:** Ma sê vir Jan dat ... (2)
**[10]**

## VRAAG 5

5.1 **TEKS F: LEESTEKS**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.

**TYD VIR MEKAAR**

Wanneer iemand van (5.1.1) maklike (5.1.2) (kind + jare) praat, dink ek altyd terug aan die tyd (5.1.3) toe ek self ŉ kind was. Daar was nie baie geld nie, maar dit was lekker tye.

Ons het soms so ver as 13 (5.1.4) kilometer gestap. Toe ek hoërskool toe is, het ek ŉ fiets gekry. Ek het ook (5.1.5) (met dit/daarmee) na my eerste werk toe gery.

Ons moes toestemming vra as ons ŉ eier wou bak, want eiers is vir ekstra inkomste verkoop. As jy uit ŉ vertrek geloop het, moes jy die (5.1.8) ligte afskakel. Ons mag nie water gemors het nie en krane mag nie gedrup het nie.

(5.1.9) (Koffie, suiker, meel, ens.) moes tot aan die einde van die maand hou. As iets voor die tyd opgeraak het, moes ons maar daarsonder klaarkom.

My ma het die wasgoed in (5.1.10) koud water met die hand gewas – winter en somer. (5.1.11) (Water ... in ... bad), is in ŉ groot kastrol gekook.

Daar was nie (5.1.12) (televisie/televiesie), selfone of (5.1.13) duur rekenaars nie. Die lewe was nie net ŉ gejaag na wind nie – mense het tyd vir mekaar gehad.

*- Sandra Pienaar*

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 10 Mei 2010]

Kopiereg voorbehou

5.1.1 Gee die ANTONIEM van “maklike”. (Reël 1) (1)

5.1.2 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde (kind + jare). (Reël 1) (1)

5.1.3 Gebruik die woord “toe” in ’n sin sodat dit ’n ANDER BETEKENIS het as in reël 2. (1)

5.1.4 Gee die AFKORTING vir “kilometer”. (Reël 4) (1)

5.1.5 Kies die korrekte ANTWOORD tussen hakies. (Reël 5) (1)

5.1.6 Skryf die sin oor en begin met die VETGEDRUKTE woord.

Ons moes toestemming vra **as** ons ’n eier wou bak.
**Begin só:** As ons ’n eier wou bak, ... (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Ma verkoop die eiers.
**Begin só:** Ma ... (1)

5.1.8 Gee die ENKELVOUD van “ligte”. (Reël 9) (1)

5.1.9 Gee EEN WOORD vir (<u>Koffie, suiker, meel, ens.</u>). (Reël 11) (1)

5.1.10 Skryf die korrekte VORM van “koud” neer. (Reël 14) (1)

5.1.11 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

(Water ... in ... bad), is in ’n groot kastrol gekook. (1)

5.1.12 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies. (Reël 17) (1)


5.1.13 Gee die INTENSIEWE VORM vir “duur”. (Reël 17) (1)

5.1.14 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Mense het tyd vir mekaar.
**Begin só:** Mense het ... (1)

5.2 **TEKS G: PRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *New Africa Lewensoriëntering, Gr.10*]

5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die drie meisies kyk na die matriekuitslae in die (papier/tydskrif/koerant). (1)

5.2.2 Kies die korrekte BETEKENIS van Susan se woorde. Skryf slegs die vraagnommer (5.2.2) en die letter (A–D) neer.

"Geluk, Nandi, **jy pluk nou die vrugte van jou harde werk**!"

A Noudat Nandi matriek geslaag het, gaan sy vrugte pluk op die plaas.
B Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag.
C Omdat Nandi hard gewerk het, het sy beter gedoen as haar maats.
D Omdat Nandi hard gewerk het, kry sy nou 'n kans om vrugte te pluk. (1)

5.2.3 Vervang die onderstreepte woord met die korrekte VOORNAAMWOORD. (1)

"<u>Sy</u> het dit verdien, Nandi."

5.2.4 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

Nandi skree: " ... , ek het geslaag!" (1)

5.2.5 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Bella staan (voor/langs/agter) Nandi. (1)

5.2.6 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (5.2.6) en die letter (A–D) neer.

Bella se woorde is ŉ voorbeeld van ...

A manipulerende taal.
B stereotipering.
C denotasie.
D gevoelstaal. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES

1. In AFDELING D is daar vrae oor TWEE verhale in *KINDERS VAN DIE AARDE* (VRAAG 6) en vrae oor TWEE verhale in *OM LAASTE TE KAN LAG* (VRAAG 7).
2. Beantwoord die vrae oor ALTWEE die verhale **in die boek wat jy bestudeer het**.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor ALTWEE verhale.

**VERHAAL A: *DIE RAMP* (20)**

**EN**

**VERHAAL B: *'n MAN KOM TUIS* (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: *DIE RAMP* – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Ek moes flink ry deur die nag om die volgende oggend betyds op die lughawe in Port Elizabeth te wees om my vrou af te haal as die vliegtuig daar land.<br>***<br>Wat alles kan mens nie oorkom nie. |

6.1 Wie was saam met die verteller in die motor? (1)

6.2 Waarom moes die verteller se vrou met die vliegtuig huis toe gaan? (1)

6.3 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Naby Jeffreysbaai het die motor 'n steenbokkie gestamp.
- Op Humansdorp kon die verteller nie nog aspirine vir die siek kind kry nie.
- By Swellendam het die verteller se kleinste kind 'n hoë koors ontwikkel.
- Na hulle vakansie in Houtbaai, het die verteller na Port Elizabeth vertrek. (4)

6.4 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Al die water het uit die motor se enjin geloop nadat die … losgeruk het.

| |
|---|
| liggie; waaier; verkoeler |

(1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Daar staan ons. Dit reën nog steeds, darem sagter, maar 'n sterk wind waai lae wolke oor ons. Veraf hoor ons die see dreun. Dit is twee-uur. Die kinders huil, die groteres sag, die kleineres hard, behalwe die kleinste wat buite weste van koors lê en yl.<br>Daar is byna geen verkeer hierdie tyd van die nag nie, en die motors wat wel verbykom, hou nie vir my smekende gebare stil nie. In die newelagtige reën kan hulle my dalk ook nie behoorlik sien nie.<br>Later is ek papnat en koud.<br>Toe ek weer 'n motor hoor aankom van Humansdorp se kant af, dink ek daaraan om … |

6.5 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (6.5) en die letter (A–D) neer.

"smekende gebare" (reël 5) beteken dat die verteller … om mense se aandag te trek.

A sy flits aan- en afgeskakel het
B hard geskree en geroep het
C sy motor se toeter geblaas het
D bewegings gemaak het wat wys hy soek hulp (1)

6.6 Omdat geen motors wou stop om die verteller te help nie, het hy 'n ander plan gemaak. Watter plan het die verteller gemaak om die motors te laat stop en hom te help? (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (6.7) en die letter (A–D) neer.

Die verteller se plan het geslaag, want … het gestop om hom te help.

A die polisie in 'n vangwa
B 'n man in 'n geel motortjie
C 'n vrou in 'n klein bakkie
D 'n boer op 'n trekker (1)

6.8 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | Die verteller | A | … het roekeloos vinnig in die pas gery. |
| 6.8.2 | Die verteller se kinders | B | … het die bestuurder van die Mini-stasiewaentjie se bril afgestamp. |
| 6.8.3 | Die weldoener | C | … het in die agterste ruimte van die Mini-stasiewaentjie geslaap. |
| 6.8.4 | Die weldoener se kinders | D | … het ŉ insleepmotor op Humansdorp gaan haal. |
| | | E | … het gehuil omdat hulle ma nie saam met hulle was nie. |

(4 x 1) (4)

6.9 Die weldoener het die verteller gehelp omdat hy geld wou hê.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.10 In watter pas het die weldoener verongeluk? (1)

6.11 Wat sou jy gedoen het as jy die verteller was en jou motor langs die pad gebreek het? (1)

6.12 6.12.1 Hoe voel jy oor die weldoener? (1)

6.12.2 Hoekom voel jy so? (1)

6.13 Hoekom kan ons sê die titel, *Die ramp*, pas by die gebeure in die verhaal? (1)

**EN**

**VERHAAL B: *ŉ MAN KOM TUIS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. Hy gesels die reën skoon weg.

Hy vertel my van sy lewe as padmaker. Dis harde werk, ja; dis heeldag in die warm son, dis stof en lawaai, maar nee wat, hy geniet dit, verseker hy my. Hy hou daarvan om paaie te maak. Een dag staan jy nog so en jy sien die onbegaanbare berg, en jy weet: daardie berg gaan ek tem met my span geel ysterperde.

***

"Dit vat ŉ rivier eeue om vir homself ŉ lekker pad te maak. Dit neem my ŉ maand."

6.14 Wie is die verteller se passasier? Skryf sy VAN neer. (1)

Kopiereg voorbehou 

6.15 Die verteller het dadelik gesien dat die man langs die pad wou saamry.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.16 Watter bagasie het die padmaker by hom gehad? Noem EEN item. (1)

6.17 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Die padmaker het sy gesin een maal per … gesien.

| jaar; maand; week |
|---|

(1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (6.18) en die letter (A–D) neer.

"Dit **vat ’n rivier eeue om vir homself ’n lekker pad te maak**" is ’n voorbeeld van …

A kontras.
B ’n metafoor.
C ’n vergelyking.
D personifikasie. (1)

6.19 Noem EEN rede waarom die padmaker van sy werk gehou het. (1)

6.20 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die padmaker het met al sy goedjies huis toe gestap.
- Die padmaker het vir die verteller van sy lewe en sy werk vertel.
- Die verteller het die padmaker in die hoofstraat afgelaai.
- Die padmaker se gesin het hom gesien en na hom toe gehardloop. (4)

6.21 Gee EEN rede hoekom jy dink dat die padmaker ’n goeie mens is. (1)

6.22 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.22.1–6.22.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.22.1 | ŉ Tent | A | … is waar die man se kinders saam met die hond staan en wag. |
| 6.22.2 | Langs die spruit | B | … is waar die padmaker bly terwyl hy aan die paaie werk. |
| 6.22.3 | By die hek | C | … is waar die padmaker en sy gesin woon. |
| 6.22.4 | Op die stoep | D | … is waar die verteller die padmaker opgelaai het. |
| | | E | … is waar die padmaker se vrou vir hom wag. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ek het gery. Maar ŉ blok verder op die ingewing van die oomblik in ŉ dwarsstraat afgedraai en tot onder langs die spruit gery. Toe draai ek links en ry tot by die volgende straathoek, hou stil en klim uit.
> Na ŉ ruk kon ek hom sien aankom. Ek het ŉ huis gesoek wat syne kon wees – …

6.23 Wie het die padmaker eerste sien aankom? (1)

6.24 Wat sou jy gedoen het nadat jy die padmaker afgelaai het as jy die verteller was? (1)

6.25 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (6.25) en die letter (A–D) neer.

Die padmaker se gesin was altyd baie bly om hom te sien. Watter les kan jy hieruit leer?

A ŉ Man moet gereeld vir sy gesin geld huis toe bring.
B Gesinne bly lief vir mekaar, al sien hulle mekaar min.
C ŉ Man moet op enige plek werk waar hy werk kan kry.
D Gesinne moet tuis wees wanneer die pa huis toe kom. (1)

6.26 Gee TWEE redes waarom dit vir jou moeilik sal wees om ver van jou familie af te bly en hulle nie gereeld te sien nie. (2)
**[40]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor ALTWEE verhale.

**VERHAAL A: *DIE GEHEIM* (20)**

**EN**

**VERHAAL B: *LEUENS* (20)**

## VRAAG 7

**VERHAAL A: *DIE GEHEIM* – J van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| "Jy moet my nie so styf vashou nie," sê hy vir haar. "Ek sal jou wel hou tot hulle kom." Maar sy was te verskrik om na hom te luister.<br>Met haar arms om sy nek probeer sy haar al hoër uit die water werk. Al sy gepraat het niks gehelp nie; sy druk op sy skouers en skreeu, en snak na asem. Eers probeer hy om haar arms los te maak, maar hy kon dit nie regkry nie. Daarom sit hy sy voet teen haar bors en trap haar van hom af weg, maar toe hy haar weer gryp, slaan sy dadelik weer haar arms om sy kop. |

7.1 Wie is die verteller van die storie? (1)

7.2 Hoe lank was die reis van Rotterdam na Kortjeen? (1)

7.3 Hoeveel van haar kinders was saam met die Noord-Bewelandse vrou op die boot? (1)

7.4 Wie het ook vir Leune op die reling sien staan, behalwe haar ma? (1)

7.5 Dou Snoek, die seun van die bekende dominee Snoek, kon glad nie swem nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Dou Snoek het van ... gereis om by sy familie te gaan kuier.

| |
|---|
| Rotterdam tot Middelburg; Rotterdam tot Kortjeen; Rotterdam tot Schouwen |

(1)

7.7 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf die vraagnommer (7.7.1–7.7.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.7.1 Van Buren | A ... sou eerder verdrink, maar sou nie die meisie los nie. |
| 7.7.2 Leune | B ... het gevloek en gedreig. |
| 7.7.3 Dou Snoek | C ... het ŉ droomheld in die water ontmoet. |
| 7.7.4 Matroos | D ... het vertel hoe die lewensredder gelyk het. |
| | E ... het van romantiek in die werklike lewe gehou. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> So het die gebeurtenis daar plaasgevind amper so geheimsinnig asof niemand daarby teenwoordig was nie. Die een party het niks van die ander geweet nie en so het daar oor die gebeurtenis as't ware ŉ deksel gelê wat dit aan die bekendheid onttrek het.
> Dou het met niemand oor die gebeurtenis gepraat nie, nie met sy familie in Schouwen nie en ook nie later by die huis nie. Want hy het die gebeurtenis beskou as ŉ besit wat hy, deur dit aan ander mee te deel, gedeeltelik sou verloor.
> Dit was soos ŉ geskenk van ŉ Hoërhand.

7.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (7.8) en die letter (A–D) neer.

"Dit was soos ŉ geskenk van ŉ Hoërhand" is ŉ voorbeeld van ...

A ŉ vergelyking.
B personifikasie.
C ŉ metafoor.
D kontras. (1)

7.9 Gestel jy was Dou Snoek.
Wat sou jy gedoen het as ŉ meisie oorboord geval het? (1)

7.10 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Leune wou afklim, maar het gegly en in die water geval.
- Leune het lank weggebly, toe gaan soek haar ma na haar.
- Haar ma het haar gesien waar sy op die reling van die skip gestaan het.
- Haar ma het op haar geskree om af te klim. (4)

7.11 Die matroos het baie kwaad vir Leune geword.
Hoekom was dit ŉ fout om so kwaad te word? (1)

7.12 7.12.1 Wat is jou opinie oor Leune as volwasse vrou? (1)

7.12.2 Hoekom dink jy so? (1)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (7.13) en die letter (A–D) neer.

Wat is die boodskap van hierdie verhaal?

A Die liefde kan alles oorwin.
B Mense moet geheime vir mekaar hê, anders is hulle ongelukkig.
C Jy kan ŉ mens se lewe red en later verlief raak.
D Jy kan soms op iemand verlief raak wat jy nie ken nie. (1)

**EN**

**VERHAAL B: *LEUENS* – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Plotseling word sy bewus van iemand wat langs haar gaan staan. Sy kyk op en hoor ŉ bekende stem, met vreugdevolle verrassing daarin. "Ek dag dit is jy, Naomi! Ek was eers nie seker nie. En hoe gaan dit met jou?"
> "O, goed dankie. O, dis jy, Olga!" Naomi se gedagte fladder soos ŉ voël rond wat geen tak kan kry om op te sit nie.
>
> ***
>
> "Ja," sê Olga, "ek ontmoet nou die dag nog vir Hester, toe gesels ons oor jou. Sy vertel my toe dat jy nou in Johannesburg woon. Dis darem lank laas dat ons mekaar ontmoet het!"

7.14 Gee EEN rede waarom Naomi daardie Saterdag in die dorp was. (1)

7.15 Na hoeveel jaar het Naomi en Olga weer in Johannesburg ontmoet? (1)

7.16 Waar het Naomi en Olga vroeër goeie tye saam gehad? (1)

7.17 Waarom het Naomi so skaam gevoel toe sy Olga weer ontmoet het? (1)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Naomi het 'n leuen vertel en gesê dat sy in ... woon.

| Saxonwold; Vrededorp; Westcliff |
|---|

(1)

7.19 Kies elke keer die beskrywing uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.19.1–7.19.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.19.1 Naomi | A ... was werkloos en onverantwoordelik. |
| 7.19.2 Olga | B ... was 'n beroemde spesialis. |
| 7.19.3 Naomi se man | C ... kon ʼn saak mooi uitpluis tot haar voordeel. |
| 7.19.4 Olga se man | D ... het 'n besigheid gehad. |
| | E ... was ʼn idealis en ʼn dromer. |

(4 x 1) (4)

7.20 Naomi het goed gedoen op skool.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Van daardie dag af het dit afdraande gegaan met hulle. As daar maar ʼn hoop bestaan dat haar man sal verbeter.
>
> ***
>
> Sy sal waarskynlik ook maar eendag met ʼn losieshuis eindig, met ʼn man wat sy broek deursit op die stoep. Ten slotte is sy ʼn lafaard; sy kan nie die las wat die lewe op haar gelê het, dra nie. Sy is bang vir armoede. Sy moet eerder haar man help worstel.

7.21 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (7.21) en die letter (A–D) neer.

Wat word bedoel met die vetgedrukte woorde in die sin hieronder?
"Van daardie dag **het dit afdraande gegaan met hulle**."

A Hulle lewe het net makliker geword.
B Haar man het sy eie besigheid begin.
C Hulle gesin het net al hoe armer geword.
D Haar man het opgehou om werk te soek. (1)

7.22 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Olga het vir Naomi saamgenooi om te gaan sosiale werk doen.
- Naomi wou vir Olga alles van haar lewe vertel.
- Olga het Naomi huis toe geneem.
- Naomi het besef dat haar en Olga se lewens met die jare baie verander het. (4)

7.23 Naomi se man het haar ’n snob genoem.
Waarom dink jy was dit verkeerd van hom om haar so te noem? (1)

7.24 Naomi het volgehou met haar leuens.
Wat sou jy gedoen het as jy in haar situasie was? (1)

7.25 Waarom, dink jy, sal dit verskriklik wees om ryk groot te word soos Naomi, en dan skielik arm te wees? (2)

7.26 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (7.26) en die letter (A–D) neer.

Watter les kan ons uit hierdie verhaal leer?

A Die waarheid kom altyd aan die einde uit.
B Jy kan leuens vertel as jy weet dit sal jou help.
C Leuens help ’n mens in sekere omstandighede.
D Leuens laat ’n mens aan die einde in die moeilikheid kom. (1)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou